

2 Desember

Skrifgedeelte: Deuteronomium 7:1-16
Fokusgedeelte: Deuteronomium 7:9, 10

Jou waarborg op jou lewenspad is God wat oorwin deur liefde en geregtigheid

Die sekerheid wat God bied, is anders as menslike waarborge. Hyself is die waarborg en ook die doel van jou lewe. Hy vra volledige oorgawe aan sy wil. Hy vra jou met alles wat jy is en het. Jy het maar een onwrikbare sekerheid, naamlik God self, God wat jy ken of behoort te ken. God het Homself aan Israel van ouds bewys. Ook in die moeilikste omstandighede het jy en kan jy dieselfde ervaar: "Weet dan nou, die Here jou God, Hy is God."

Hy bring bevryding. Hy bevry jou veral van jouself en jou menslike waarborge. In hierdie wêreld waarop jy uiteindelik op niks en niemand kan vertrou nie, is Hy God die Betroubare. Sy verbondsbeloftes duur tot in die duisendste geslag. Wat ook al jou omstandighede is, hoe ver jy ook van God af voel of weggedryf het, sy verbond is 'n waarborg. Dit is 'n pleitgrond om vir jouself en jou geliefdes wat in sulke omstandighede is, te bid. Nie eie verdienstelikheid bring sekerheid nie, maar om te weet hoe afhanklik jy van God is. Jy vind vrede deur jou aan Hom oor te gee.

God het nie net lief nie, Hy straf ook dit wat teen sy Goddelike majesteit gerig is. Hy straf onreg. In die Ou-Testamentiese bedeling is dit gewys deur sigbare optrede van die verbondsvolk se koning. Die koms van Christus en die uitstorting van die Heilige Gees maak dat die kerk nou moet oorwin deur die Woord en deur die oortuigingskrag van die Gees.

Christus is oor ons sondes gestraf. Ons word gered deur in sy genade te glo. Die genade word vir ons gewaarborg deur die Heilige Gees wat die Woord indra in ons hart en lewe.

Sing: Psalm 87:1, 2 (2001)

Prof. JL Helberg (Emeritus)